basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die Midde-Oosterse godsdiensfamilie bestaan uit ...

A Boeddhisme, Hindoeïsme, Djainisme en Sikhisme.
B Taoïsme, Confucianisme, Sjintoïsme en die Baha'i-geloof.
C Judaïsme, die Christelike godsdiens, Islam en die Baha'i-geloof.
D die San-godsdiens, Yoruba, amaZulu en Aka.

1.1.2 Watter EEN van die volgende is 'n verduideliking van politeïsme?

A 'n Doktrine wat twee onafhanklike beginsels erken
B Die oortuiging/geloof dat God alles is en alles God is
C Geloof in of aanbidding van meer as een god
D Geloof in die bestaan van gode of 'n god

1.1.3 Martin Luther was 'n Duitse priester wie se lerings gehelp het om die stigting van die ... te inspireer.

A Rooms-Katolieke Kerk
B Protestante Gereformeerde Kerk
C Oosterse Ortodokse Kerk
D Afrika Onafhanklike Kerk

1.1.4 Boetedoening/'n Soenoffer is ...

A om misdade wat gepleeg is, te bely en reg te stel.
B 'n lering met absolute gesag.
C verpligte leringe in die Koran.
D 'n bespreking van spirituele waarhede deur middel van 'n storie.

1.1.5 'n Sjamaan is ...

A die hoogste stand/klas in tradisionele Hindoeïsme.
B iemand wat as 'n medium tussen die sigbare en spirituele wêreld optree.
C 'n heerser, soos 'n koning of koningin.
D die titel van Romeinse keisers.

1.1.6 Konserwatiewe Judaïsme ...

A glo dat God die hele Tora aan die Jode gegee het.
B aanvaar dat die Tora met verloop van tyd deur mense geskryf is.
C probeer om die invloed van die moderne lewe te vermy.
D glo dat die Tora deur God gegee is deur idees wat mense bemiddel het.

1.1.7 Watter EEN van die volgende is NIE waar omtrent die Baha'i-geloof NIE?

A Die eenheid van God
B Die eenheid van die mensdom
C Hergeboorte in 'n beter lewe
D Die eenheid van alle godsdienste

1.1.8 Watter EEN van die volgende is die Taoïstiese beskouing van die mens in die wêreld?

A Die wêreld is in diens van die mensdom geplaas.
B Mense is nie spesiaal of in beheer van die wêreld nie.
C Ons moet versigtig wees om nie die wêreld soos dit nou is, te vernietig nie.
D Mense het vrye wil en is deurgaans vasgevang tussen goeie en slegte dade.

1.1.9 Die Pali Kanon verwys na die heilige literatuur van ...

A Judaïsme.
B die Baha'i-geloof.
C Boeddhisme.
D die Heiliges van die Laaste Dae.

1.1.10 Die primêre bron van die Sjaria is die ...

A Talmoed.
B Samhita.
C Koran.
D gedagtes en aksies van mense. (10 x 1) (10)

1.2 Beantwoord die volgende vrae.

1.2.1 Noem TWEE verskille tussen *karma* en *Nirvana*. (2 x 2) (4)

1.2.2 Gee EEN term wat die godsdienste beskryf wat in een God glo. (1)

1.2.3 Verduidelik die begrip *sinkretisme* en gee EEN voorbeeld. (2 x 1) (2)

1.2.4 Noem TWEE unieke eienskappe van Zen-Boeddhisme. (2 x 1) (2)

1.2.5 Wat is die Bhagavad Gita? (1)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.3.1 'Paternaal' beteken om aan die moeder se kant van die familie verwant te wees.

1.3.2 'n Nuwe Testament is 'n vers, lettergreep of frase wat volgens geloof 'n goddelike oorsprong het en wat in verskillende godsdienste in rituele of meditasie gebruik word.

1.3.3 Die epiese verhale, die Ramayana en die Mahabharata is die gewildste tekste in die godsdienstige literatuur van Hindoeïsme.

1.3.4 Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is dat die individu 'n lewe van meditasie sal leef om sodoende gereïnkarneer te word.

1.3.5 Oortuigings verwys na die gelowe wat 'n sentrale verwysingsraamwerk vir 'n godsdiens verskaf. (5 x 2) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 'n ... is 'n stam- of familielid wat oorlede is en wat volgens geloof nou 'n familiebeskermer is.

1.4.2 Die politieke gesag van die Rooms-Katolieke Kerk is in ...

1.4.3 Die verskille tussen die twee hoofgroepe binne Islam is hoofsaaklik op meningsverskille oor ... gebaseer.

1.4.4 ... is die oudste Oosterse godsdiens wat nie 'n stigter het nie en geen verenigende geloof in lering het nie.

1.4.5 Volgens Taoïsme bestaan alles in die skepping uit twee kragte, wat ... en ... genoem word. (5 x 1) (5)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Voorvaders	A	streng navolging van konserwatiewe en tradisionele godsdienstige oortuigings/gelowe
1.5.2	Vereer		
1.5.3	Fundamentalisme	B	mense wat in vroeëre dae geleef het
1.5.4	Pluralisme	C	die doktrine dat een primêre beginsel of wese bestaan
1.5.5	Gemeenskap	D	met diepe respek bejeën en is dit waardig
		E	alle godsdienste is paaie na die waarheid en hulle is almal ewe waar
		F	beskryf oortuigings wat teen ortodokse godsdiensleringe en -geloof gekant is
		G	'n gevoel om met die goddelike verbind te wees

(5 x 1) (5)

1.6 Kies die woord in elke lys hieronder wat NIE pas NIE. Skryf die woord en 'n rede langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.6.1 Katolisisme; Oosters Ortodoks; Judaïsme; Protestantisme

1.6.2 Boeddhisme; Hindoeïsme; Confucianisme; Taoïsme; die Baha'i-geloof

1.6.3 Saïvisme; Shaktisme; Soefisme; Vaishnavisme; Smartas

1.6.4 Nevi'iem; Ketoeviem; Kitab-i-Aqdas; Talmoed; Tora

1.6.5 Tripitaka; Bybel; Koran; Mitzvot; Vedas (5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende konsepte met verwysing na godsdiens:

2.1.1 Mites (4)

2.1.2 Geloof/Oortuigings (4)

2.1.3 Dogma (4)

2.1.4 Voorvaders (4)

2.1.5 Reïnkarnasie (4)

2.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Eenheid is 'n interessante konsep wanneer dit op godsdiens toegepas word. Baie godsdienste is nie heeltemal uniform of verenig nie. Daar word byvoorbeeld dikwels 'n beroep op Christene gedoen om vir 'n gemeenskaplike saak te verenig, of dat daar groter Islamitiese eenheid in byvoorbeeld Irak moet wees. Verder glo baie godsdienste dat 'n gevoel van eenheid met die Opperwese 'n belangrike deel van hulle godsdienstige ervaring is.
>
> [Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies Grade 12*]

Kies EEN godsdiens en noem enige VYF leringe van die godsdiens wat eenheid aanmoedig. (10)

2.3 Islam, Judaïsme en die Christelike godsdiens word dikwels Abrahamitiese gelowe genoem. Hulle word saamgegroepeer omdat hulle verskeie unieke kenmerke gemeen het.

Noem VYF kenmerke wat uniek aan die Abrahamitiese gelowe is. (10)

2.4 Noem VYF leringe in enige EEN van die godsdienste wat jy bestudeer het, wat godsdiensvryheid bevorder. (10)
[50]

VRAAG 3

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FILM- EN PUBLIKASIERAAD (FPR) WIL VIDEO VAN YOUTUBE LAAT VERWYDER

Die kontroversiële pastoor wat vir sy gemeentelede petrol gee om te drink, is by die owerhede in die moeilikheid. Die FPR wil hê dat die Pretorianer, Lesego Daniel Mosue, van Rabboni Ministries, 'n video van gemeentelede wat petrol drink van YouTube verwyder. Die video wys gemeentelede wat petrol drink en sê dat dit soos pynappelsap proe.

Die FPR het gesê die video moet van die Internet afgehaal word, omdat dit ongeklassifiseerd is en handelinge bevat wat skadelik is en nageaap kan word. 'Dit is nie geskik vir kinders jonger as 13 jaar nie.'

[Aangepas uit *The Sowetan*, 6 Oktober 2014]

3.1 Waarom, dink jy, het Rabboni Ministries die video op YouTube geplaas? (6)

3.2 Stem jy saam dat die video van YouTube verwyder moet word? Gee redes vir jou antwoord. (6)

3.3 Verduidelik hoe regverdigheid in mediadekking van godsdiens gehandhaaf kan word. (12)

3.4 Noem VYF faktore wat mediaberigte oor godsdienskwessies kan beïnvloed. (10)

3.5 Verduidelik kortliks die begrip *vryheid van godsdiens.* (6)

3.6 Verduidelik hoe godsdienstige verdraagsaamheid in enige EEN godsdiens bevorder kan word. (10)
[50]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Konflik is 'n realiteit van die lewe. Godsdiens is soms deel van die probleem, maar die ware bedoeling van godsdiens was nog altyd om konflik te voorkom.

Godsdienste het oor die jare baie meganismes ontwikkel om tot vrede by te dra en konflik te voorkom.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*]

4.1 Bespreek die leringe van enige godsdiens/godsdienste wat jy bestudeer het, wat vrede bevorder. (16)

4.2 'n Godsdiensoorlog is onder sekere omstandighede geregverdig. Bespreek DRIE sulke omstandighede. (12)

4.3 Identifiseer EEN konflikgebied waar godsdiens moontlik deel van die probleem is en beantwoord die volgende vrae:

4.3.1 Noem die konflikgebied. (2)

4.3.2 Noem die partye wat by die konflik betrokke is. (4)

4.3.3 Gee die hoofredes vir die konflik. (16)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou